Begripstoets 2 Graad 4

Die Groot Vyf

1 Suid-Afrika se Groot Vyf-diere is die leeu, olifant, renoster, buffel en luiperd. Mense kom van regoor die wêreld om die Groot Vyf in ons natuurreservate te sien. Ons moet hierdie diere beskerm teen wilddiewe wat hulle wil jag en doodmaak.

2 **Luiperds**

Luiperds eet vleis en is goeie jagters. Hulle is baie sterk.

3 **Leeus**

Die leeu word die Koning van die Oerwoud genoem. Hulle is sterk, dapper en pragtig. Die wyfies sorg vir die welpies en doen die meeste van die jagwerk.

4 **Olifante**



Olifante eet takke, blare, gras en boombas. Hulle het 'n slurp wat eintlik 'n baie lang neus is.

5 **Buffels**

Buffels leef in groot troppe. Hulle het 'n slegte humeur en is gevaarlike diere. Hulle beskerm hulle jong kalfies.

6 **Renosters**

Die renoster is die wêreld se tweede grootste landdier. Renosters word deur wilddiewe doodgemaak vir hulle horings.

Die woord “slurp” verwys na ’n lang ... (Paragraaf 4)

A stert.
B horing.
C neus.
D mond.

Voltooi die sin deur die ontbrekende woord in te vul.

Renosters word doodgemaak vir hulle _____.

Wat doen die wilddiewe aan renosters?

_____

Die renoster is die wêreld se derde grootste landdier.
Merk (✓) die korrekte antwoord.

Waar		Onwaar	

Gee ’n goeie rede vir jou antwoord.

_____

Hoekom word die leeu die Koning van die Oerwoud genoem?

_____

Skryf die korrekte meervoud van “tak”.

Een tak, maar baie _____

Verbind die twee sinne.

Luiperds eet vleis. Luiperds is goeie jagters. (en)

Luiperds eet vleis en _____

Vul die korrekte voorsetsel in.

Buffels leef _____ groot troppe.

Wat is die versamelnaam vir leeus?
'n ... leeus slaap onder die boom.

A Kudde
B Pak
C Trop
D Groep

Vind 'n woord in die teks wat 'n antoniem (teenoorgestelde) is van "klein". (Paragraaf 5)

_____

Voltooi die volgende sin.

'n Babaleeu word 'n _____ genoem.

Skryf die sin oor en gebruik 'n komma.

Olifante eet takke blare en gras.

_____

_____